



Sawa vereer Kiepersollers

Nege Kiepersoliede is by Saterdag se Sawa-kongres te Buffelspoort vereer. Gert en Anna Rall het erelidmaatskap ontvang, Hennie Ferreira, Fanie Marx, Elma Bronkhorst en

beste bydrae tot Nuusbriewe ontvang en Kampkrummels is aangewys as die beste streeknuusbriewe in Sawa. Christo van der Merwe was die eerste ontvanger van die Presidende-das.



Christo vd Merwe,, Gert en Anna Rall, Elma Bronkhorst. Fanie Marx, Hennie Ferreira, Schalk Nolte, Alet, Johann

Johann en Alet Lemmer het Nasionale Meriete-toekennings gekry. Schalk Nolte het vir die derde agtereenvolgende jaar die trofee vir die

Hennie Ferreira, streekvoorsitter, het oor oom Gert en tannie Anna gesê dat dit die kroon span oor baie jare se getroue en lojale lidmaatskap en volgehoue diens aan die streek en Sawa in die breë. Hulle vorm nou deel van 'n indrukwekkende galery van Kiepersol-erelede soos Christo en Martie van der Merwe, tannie Lettie en wyle oom Eddie Leach en wyle Moolman Botha en Chris en Barbara Pienaar." (Foto: Nico Zwarts)

Voorstelle vir nuwe be- deling kry nie vereiste meerderheid by Kon- gres nie



Jurie Dreyer

Voorstelle vir grondwetwysigings om gebiedsbesture af te skaf en die vervanging daarvan deur nasionale verteenwoordigers vir vier geografiese areas, kon nie Saterdag die vereiste twee derde meerderheid by die Kongres kry nie. Jurie Dreyer, nasionale voorsitter, het aan *Kampkrummels* gesê dat net enkele stemme nodig was en dat die vernuwingsvoorstelle verder in die Sawa-strukture gekommunikeer sal word met die oog op die herindiening daarvan.

Lees binne verder

Oordenking	2
Sawa in breër verband	2
Redakteur sê in die breë	3
Kampnuus	4
Saamtrekdatums	4
Voorsitter sê	5
Sawakalantjies (kleuters)	6
Possak	7
Schalk gesels	8
Senior burgers	9
Jongklomp (tieners)	9
Verjaarsdae	10
Lief en leed	11
Seniors en eensaamheid	11
Fotoblad	12

Hulle geniet Weesgerus



Jannus van den Berg (middel) en twee maatjies geniet die Jakaranda gebiedsaamtrek by Weesgerus (Foto: Frieda Burger)



OORDENKING

Ons leef in 'n agterstevoorwêreld ...

Hierdie stukkie sosiale kommentaar van die bekende Amerikaanse rubriekskrywer Erma Bombeck laat 'n mens nadink. Sy skryf: "Ons leef in 'n eenaardige wêreld waar mense dokumentêre rolprente maak oor reeksmoordenaars; ikoonstatus gee aan helde uit die onderwêreld; skrywers maak van korrupte politici; en misdadigers wat die reg ontduik word as rolmodelle gebruik. Ek weet nie wanneer misdaad vermaak in plaas van nuus geword nie, maar op een of ander manier het hierdie oorgang plaasgevind."

Hoe weeg jou waardes op?

"Ja maar," sê jy, "ek is nie soos 'hulle' nie." Vra jou liever af, hoe pas jou waardes in by vandag se morele klimaat? Het jy byvoorbeeld al, of maak jy gereeld een van die volgende, of dergelike stellings?

- Dis net verkeerd as jy uitgevang word.
- Solank ek net my paadjie skoon hou.
- Die reëls is daar om oortree te word.
- Die belastinggaarder sal nooit weet nie.
- Die tjek is in die pos.
- Dis elkeen vir homself.
- Dis belangriker om geglo te word, as om die waarheid te praat.
- 'n Oog vir 'n oog, en 'n tand vir 'n tand.

Mens praat hulle optrede dikwels goed deur te sê: Dis hoe dit is. Maar hoe lyk dit in die oë van die Here, die Een wat gekom het om die werklikheid van menslike gebrokenheid te herstel en vir ons 'n uitnemender weg te wys? Hy vra dat ons die ander wang moet draai, die tweede myl moet stap, 77 x 7 moet vergewe, ons self moet verloën en ons vyande moet lief hê. Dit druis radikaal teen die mens se natuur in, maar Christus wys self die weg aan deur sy lewe vir ons neer te lê.

Hoe klink daai bravade van: "Ek doen my eie ding en na die duiwel met die res," in die lig hiervan?

Hennie Symington

Breër verband

Sawa streef daarna om

- vir Afrikaans georiënteerde kampeerders die geleentheid te bied om binne 'n Christelike konteks, 'n tuiste te bied waar hulle hul beginsels en kultuur kan uitleef.

- vir kampeerders die geleentheid te bied om saam met geesgenote so bekostigbaar as moontlik te kampeer.

- die belange van SAWA-lede te bevorder deur onderhandeling en samewerking met ander instansies.

- die balans tussen die belange van die mens en die natuur te handhaaf.

- in alles die hand van die Skepper te sien en Hom daarvoor te huldig.



Streekbestuur 2011-2012

Voorsitter: Hennie Ferreira (083 226 176) hennief@agency.co.za

Ondervoorsitter: Louis van den Berg (083 277 7307) vdubl@vodamail.co.za

Sekretaris: Ina van den Berg (079 393 3977) jannie.ina@gmail.com

Penningmeester: Rigard Lemmer (082 786 9928) rigard.lemmer@treasury.gov.za

Redakteur: Johann Lemmer (012 653 2745) lemmerj@mweb.co.za

Senior burgers: Frank Smith (012 654 3135) frank.hettie@vodamail.co.za

Addisionele lede: Schalk Nolte (012 345 1605), Ronelle King (012 664 6611)

André Baker (012 654 6127)

Bankbesonderhede: Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499

Oor Sawa in die breë sê die Redakteur:

Kongres: Kompas dui bepaalde rigting aan en hou Sawa op koers



Jurie Dreyer, nasionale voorsitter, sê dat die Sawa-kongres wat die afgelope naweek by Buffelspoort gehou is as 'n sukses beskou kan word ten spyte daarvan dat nie al die voorstelle om die grondwet te wysig die vereiste twee-derde meerderheid kon kry nie.

Die streke en satelliet-streke was goed verteenwoordig en uit die verslae van die gebiede en komitees is dit duidelik dat Sawa op koers is.

“Die kompas wat op die voorblad van die kongresdokument uitgebeeld is, dui 'n bepaalde rigting aan. Deur die jare het Sawa verskeie hulpmiddels soos sy missie en waardes, grondwet, reëls en aanbevelings gebruik om die organisasie op koers te hou.”



Jurie het 'n beroep op streekvoorsitters gedoen om lede in te lig oor bestuursbesluite. Die besluit om die NUB-notules aan streke beskikbaar te stel is positief ontvang en het bygedra tot beter kommunikasie.

Voorsiening is nou in grondwet gemaak vir streek-satelliete wat voortaan deur een afgevaardigde op die kongres verteenwoordig sal word. Wat die toewysing van lede aan streke betref, kan lede wat van streek wil verander nou by 'n ander streek aansoek doen en as dit suksesvol is, word die vorige streek bloot daarvan in kennis gestel.

President wys op uitdagings

President Nico Spaumer het in sy openingsrede 'n paar uitdagings in die midde van streekbesture gelê.



Wat woonwapark-tariewe betref, meen hy dat gebruikers met stygende tariewe gekonfronteer gaan word. Streekbesture sal dus met woonwapark-eienaars oor saamtrektariewe moet onderhandel. Hiermee saam kom tolhektariewe en besture sal dit in gedagte moet hou as hulle oor-

de besluit wat besoek word.

Hoë brandstofpryse bied toenemend 'n uitdaging. Die afstand wat 'n lid moet reis om by 'n saamtrek uit te kom gaan bepalend wees in die besluit of hulle die saamtrek gaan bywoon of nie. Dit sal ook by besprekings in gedagte gehou moet word.

Die pad-infrastruktuur laat ook veel te wense oor. Nico het na die onlangse senior burgertoer na die Kruger Nasionale Park en Swadini verwys en gesê dat van die paaie daarheen amper nie geskik is om met 'n woonwa te ry nie (kyk ook Possak op bladsy 7).

Die agteruitgang van die paaie-struktuur speel 'n belangrike rol wanneer beplan word om 'n sekere woonwapark te besoek. Besture sal toenemend hierop met ag slaan aangesien toegangsroetes beslis 'n rol speel in streke se jaarprogrambeplanning. Die koste van 'n woonwa-as en die gepaardgaande skade is net te hoog om ons lede aan slegte paaie bloot te stel, aldus Nico.

Groot entoesiasme vir Sawa-toer

“Daar is groot entoesiasme vir die drie-weeklange toer wat in September 2012 na Hartenbos sal plaasvind. 'n Maksimum van dertig woonwaens sal die toer meemaak en die meeste van die plekke is reeds opgeneem.”

So het Christo van der Merwe, toerleier, Saterdag by die Sawa-kongres gesê. Wat die toer uniek maak is dat dit op Oudtshoorn by ander toere sal aansluit voordat die konvooi die laaste skof na Hartenbos aanpak.

Die toerlede kom op Saterdag 8 September 2012 by Kroonpark bymekaar, oornag en vertrek dan na Gariëpdam (1 nag), Bergkwagga-park (2), Addo (2), Tsitsikamma (2), Keurboomsrivier (2), Kango Bergoord (2), Hartenboskongres (4), Karoo-park (2), Orania (2) en Bloemhofdam (1).

Christo het beklemtoon dat SANparke uit hul pad gegaan het om toe te laat dat 30 woonwaens



Christo van der Merwe

die onderskeie parke kan besoek. 'n Gedeelte van die toer vind in 'n tyd plaas wanneer pensioentrekkers 40% afslag kry. Mense wat belangstel en nog nie bespreek het nie, moet dadelik met Christo in verbinding tree by 012 653 2075

Lekker Kampnuus



Jakaranda gebiedsaamtrek by Weesgerus is goed bygewoon

Ons het reeds vanaf Sondag 4 September te Weesgerus gekamp. Vanaf Donderdag 8 September het die eerste Sawanante wat die gebiedsaamtrek bygewoon het hul opwagting gemaak.

Vrydag 9 September het die intog in alle erns begin. Uiteindelik is 48 woonwaens getel.

Vrydagaand is worsbroodjies deur Johanna van Biljon en haar helpers voorgesit. Om die braaivleisvure was daar die gebruiklike joviale stemming. Ongelukkig het van die kampeerders op pad teëspoed ondervind en moes hulle gehaal word.

Saterdag 10 September is daar vroeg boekevat gehou waarna van die dames ons ander onderrig het in die maak van verjaarsdagkaartjies. Weereens het Johanna en haar helpers reggestaan en is daar heerlike pannekoek voorgesit. Dit is so dat daar baie te doen is by Weesgerus en spoedig het die kampeerders dan ook verdwyn om hulle tyd te verwyd aan al die ontspanningsaktiwiteite wat aangebied word. Die swembadens is in die heerlike warm weer wat daar geheers het druk besoek. Die ooraanbod van rugbywedstryde op die televisie het die manne, en sommige vroue, die middag en die aand besig gehou.

Schalk Nolte se musiekspelletjie het nou al 'n instelling geword en daar is heerlik in 'n goeie gees meegeding.

Sondag 11 September is daar 'n diens in die lapa gehou wat deur ds. Japie van Deventer van Kokanje gelei is. Sy besielende boodskap is ongelukkig erg versteur deur die bestuurder van die trekker wat die vullissakke kom oplaai het. Hy het al om die sirkels gery, die trekker laat lui om die sakke op te laai en met groot lawaai weer weggetrek. Dis iets wat met die oordbestuur in die toekoms opgeneem behoort te word. Na die diens het die kampeerders in hul hordes verdwyn om die rugbywedstryd tussen die Springbokke en Wallis op die televisie te gaan kyk. Daarna is daar maar traag opgepak en huiswaarts gekeer.

Frank en Hettie Smith
Seniorvertegenwoordigers

Saamtrekdatums

Volgende kamp:

21 Oktober: Shangrila Inniesbos

Kampgeld vir die naweek: R430.

Inbetalingbesonderhede op bladsy 2.

Roete: Ongeveer 2,5 km wes van Damdorynkafee, Hartebeespoortdam (oorkant "Elephant Sanctuary").

Saterdag: Kuier gesellig saam, of ry na die verskillende besienswaardighede of kunsmarkte in die omgewing.

18:00: Ken jou buurman. Braai gesellig saam met die bure terwyl Schalk Nolte musiek maak.

Sondag: Onthou die koek vir die tee net na die afsluiting.

30 Oktober - 13 Nov.

Tweede Drakensbergtoer

Navrae: Frank Smith by 012 654 3135

25 November: Joos Becker

Kersboomsaamtrek

Bring gerus die kleinkinders saam

Saamtrekke vir 2012

27 Januarie: Monateng

Seniors vanaf Woensdag

24 Februarie: Drie Berge

16 Maart: Marula

6 April: Presidente

25 Mei: Buffelspoort (Sitrusfees)

15 Junie: Nasionale Winterkamp

18 Augustus: AJV Klein Paradys (Brits)

7 September: Dube (Brits)

26 Oktober: Kaia Manzi

16 November: Joos Becker (Kersboom)

Die Voorsitter sê Dankbaar vir erkenning wat ons lede op nasionale vlak gekry het

Hennie Ferreira

Met die aanbreek van Oktober “*die mooiste, mooiste maand*” is een ding seker, en dit is dat die jaar nou einde se kant toe staan. Die Kongres 2011 is pas agter die rug, en dit was merkwaardig in die sin dat ‘n hele paar van ons lede erkenning op nasionale vlak gekry het. ‘n Berig in die verband verskyn op die voorblad. Dit maak ‘n mens nederig maar tog trots. Ons glo dat elke lid Sawa se aktiwiteite met aandag sal volg en op die hoogte sal kom van besluite wat op bestuursvlak geneem word.

Die gebiedskamp te Weesgerus was ook ‘n groot sukses en ek maak graag van die geleentheid gebruik om vir Pieter en Johanna van Biljon dankie te sê vir hulle groot bydrae as kampkommandante die naweek.

Ons volgende Kiepersolkamp is die naweek van 21 tot 23 Oktober 2011. (Kyk asseblief bladsy 4 vir die detail en padaanwysers.) Frank en Hettie Smith saam met Bets en Martiens Joubert sal die kampkommandante wees.

Let asseblief op na die volgende wysigings in ons jaarprogram: (a) 12 tot 14 Oktober 2012 is daar ‘n nasionale kamp (b) Die kamp te Kaia Manzi is die naweek van 26 tot 28 Oktober 2012 (c) die kamp te Mutango wysig na Dube (te Brits) die naweek van 7 September 2012. Al die kampdatums is op bladsy 4 van hierdie uitgawe van Kampkruummels)

Die senior burgers het die 29ste September 2011 met die Gautrein van Centurion na Rosebank gery,



Hennie Ferreira

lekker gaan eet en terug gery. Dankie aan elkeen wat dit saam met Hettie en Frank meegemaak het. Dankie ook aan Frank en Hettie vir al die reëlings met die uitstappie.

Aan al ons studente op skool, universiteite en kolleges, baie sterkte met die voorbereiding en aflê van die eksamens in die volgende paar weke en my wens vir elkeen is dat die vrug op julle werk baie soet sal wees.

Ons het al twee streekbestuursvergadering as nuwe bestuur gehad en ek wil vir elkeen baie dankie sê vir hulle toewyding aan Kiepersol en SAWA. Die bestuur fokus op ‘lekker kamp’. Ons hersien tans die voogledelys en lede sal in die volgende paar weke geskakel word om al die detail soos telefoon, e-pos, woonadres ens te bevestig. Ons sal ook steeds die SMS-stelsel saam met die e-pos gebruik om doelmatig met al die lede te kommunikeer. Hierdie is nie ‘n eenrigtingkommunikasie van bestuur na lede nie, maar lede word aangemoedig om ook met bestuur te kommunikeer. Ons deel graag mekaar se vreugdes en pyn.

Ons versoek graag dat julle julself beskikbaar sal stel vir kampkommandante by die saamtrekke. Kan

ek ook van die geleentheid gebruik maak om almal aan te moedig om te kom kamp en die lekker saam kamp te geniet. Wees verseker dat ons as bestuur uit ons pad gaan om saam met die kampkommandante elke kampnaweek vir almal baie aangenaam te maak. Ons besoek wonderlike oorde oor die volgende 12 maande. Gebruik ook die geleentheid om nuwe lede vir ons saam te bring want sodoende kan ons verseker dat ons streek en SAWA se ledetal steeds groei. Aan almal wat nog kan kamp en ‘n woonwa besit en nie in die afgelope jaar gekamp het nie, kom wend asseblief ‘n spesiale poging aan om van Kiepersol se saamtrekke by te woon. Ons sien daarna uit om almal weer te sien.

Ons herinner nou reeds aan die saamtrek op 25 November by die Joos Becker-oord. Dis die afsluiting vir die jaar. Ons beplan weer die kersboom, geskenke en ‘n mooi geleentheid om erkenning te gee aan ons lede wat nie die AJV kon bywoon nie. As dit onmoontlik is om te kamp, kom asseblief deur vir die Saterdag en woon die aktiwiteite by. Daar sal weer braai-vure en someer beskikbaar wees. Jy mag dit nie misloop nie. Ouma en oupa kan gerus die kleinkinders saambring.

Ek sluit graag af met ‘n aanhaling van Martin Buxbaum:

“Some people, no matter how old they get, never lose their beauty—they merely move it from their faces into their hearts”

Kiepersolgroete,

Hennie

**Tandartse by
Elwierda Apteek**

Dr René Pretorius

Dr Tania Erikson


Telefoon: 012 653 6154

Storie vir Sawa Kalantjies



Ouers, lees ook hier Die drie klein varkies

Kleuters geniet sprokies soos "Die drie varkies" baie meer as realistiese, eietydse stories. Hierdie sprokie leen hom tot drama en hoe meer jy in navolging van die wolf jou wange bol en hoe harder jy blaas, hoe meer sal jou kind hom in jou vertelling inleef. Op onbewustelike vlak leer jou kind ook 'n belangrike les: as jy lui is en jou plig te versuim, sal jy die negatiewe gevolge daarvan dra. Intelligente beplanning en harde werk aan die ander kant sal jou oor selfs die mees gevreesde vyand - die wolf - laat seëvier. Op die dieper vlak is die drie



huisies wat die varkies bou, simbolies van die mens se ontwikkeling der die eeue: van 'n strooihuisie tot 'n hout-huis tot 'n baksteenhuis. Die eerste twee varkies bou so vinnig as wat hulle kan twee lendelam huisies sodat hulle vir die res van die dag kan speel. Hulle gee toe aan die genotsbeginsel sonder 'n gedagte aan die toekoms en sonder om voorsiening te maak vir moontlike gevare. Die tweede varkie toon wel tekens van emosionele groei, want sy woning is so 'n bietjie sterker as die eerste varkie s'n. Net die derde en oudste varkie kry dit reg om sy behoefte om te speel uit te stel en te beplan vir die toekoms. Hy bou vir hom 'n sterk vesting waarin hy veilig kan wees. Hy voorspel ook die gedrag van die wolf korrek en dit stel hom in staat om voorbereid te wees op die wolf wat deur die skoorsteen klim. Die wolf val in 'n pot kookwater en sterf.. Die gevolgtrekking is dat die negatiewe, selfs die wat in 'n mens self skuil, uitoorlê en oorwin kan word.

(Tannie Bets Coetzee)

Die varkie se strooihuisie



Pretoria-Noord Toyota

Die enigste onafhanklike Toyota-handelaar in Pretoria



- Nuwe Toyota passasiersvoertuie
- Nuwe Toyota kommersiële voertuie
- 250 Automark gebruikte voertuie
- Egte Toyota onderdele
- Werkswinkel

Pretoria-Noord Toyota bestaan sedert 1983 en ons leef ons motto - "Ons diens en groei" - ten volle uit.

**ALTYD BESKIKBAAR - 250 AUTOMARK-
GEBRUIKTE VOERTUIE**

Pretoria-Noord Toyota
Gerrit Maritzstraat 597
PRETORIA-NOORD
Tel 012-546-0545



NEEM LEIDING TOYOTA

19979-270509/LEEF/PH

BRITS WOONWAENS



Brits Woonwaens BK

Brits Woonwaens is ongeveer 50km vanaf Pretoria en sowat 100km vanaf die Wes-Rand. Dit is ook die naaste handelaar aan die Jurgens CI Fabrik te Ga Rankuwa. Ons bied die Jurgens, Gypsey, Sprite en Safari reeks aan, asook Jurgens Sleepwaens. Ons produkreëks word met 'n Campworld-winkel aangevul. Produkte soos: Howling Moon, Coleman, Engel, National Luna en talle meer kan hier teen kompeterende pryse gevind word.



Van Deventerstraat 39, Brits
T. 012 252 5169 F. 012 252 7722
britswoonwaens@lantic.net www.britscaravans.co.za

POSSAK

VOX POPULI



Filadelphia herstel menswaardigheid

Mariana Kriel, Helpende Hand

Ek wil uit my hart uit vir elke persoon wat beddegoed, gordyne, ens geskenk het aan Helpende Hand bedank. Die skenkings word aan Filadelfia Ark gegee.

Philadelfia Ark is 'n skuiling vir haweloses en werkloses en is geleë wes van Pretoria.

By Filadelfia word daar na die totale opheffing van die mens gekyk en probeer hulle om persone wat "geval" het se menswaardigheid weer terug te gee en hulle te help om weer op hulle voete te kom.

Aangesien ons tans 'n groot probleem het met behuising vir behoeftiges, het ons dit goed gedink om Filadelfia Ark by te staan om 'n ekstra 50 hout huisies op te rig om as skuiling vir haweloses te dien. Al die huisies, ablusieblokke, ens is deur die inwoners self opgerig.

Mense wat by die skuiling aankom, kom gewoonlik met niks nie en deur julle groothartigheid sal ons nou beddegoed, en ander middele aan die mense kan voorsien.

Weereens baie dankie vir elkeen se bydrae

KNP-pad kan lewensgevaarlik wees

Thys Botha skryf:

Ons het 'n heerlike tyd gehad in die Kruger Nasionale Park (KNP) se Maroela kamp naby die Orpenhek. Dis regtig 'n kamp vir diegene wat die stilte van die buitewêre en natuurwonders van die Hoër Hand wil ervaar! Al nadeel is die tog daarheen. Ons het via Lydenburg oor die Long Tompas gesleep en twee dae oorgebly by Merry Pebbles in Sabie. Die 60 km vanaf Lydenburg na Sabie het ons twee en 'n halfuur geneem weens digte mis. Teen eenuur kon ons steeds net vyf meter voor die motorvoertuig sien! Sabie was bitter koud en die mis het elke oggend eers opgeklare na tienuur. Ons besluit toe om te "verhuis" na Swadini naby Klaserie om so doende vroeg die oggend by Maroela staanplek in te neem. Die sleeptog deur Hazyview en Bosbokrand na Klaserie was 'n nagmerrie! Slaggate, padverleggings, vee en skoolkinders in die pad en taxi's was aan die orde van die dag.

Toe ons na Pretoria moes terugkeer het ons mede kampeerders ons aangeraai om na Hoedspruit via die Strydomtonnel en Abel Erasmus pas na Ohrigstad en Lydenburg te sleep. 30 km suid van Hoedspruit terwyl ek regs by 'n T-aansluiting uitdraai, ry 'n vrou van agter in ons vas. Toe ek haar vra wat maak sy, het sy geantwoord sy het gedink ek gaan links draai! Volgens die remsleepmerke wil dit voorkom of sy teen 'n hoë spoed gery het en haar kar na regs skeef gerem het!



Die kar lyk slegter as die woonwa!

Gelukkig het niemand seergekry nie en ons kon gelukkig die woonwa nog terugsleep Pretoria toe. Verder is die pad van Ohrigstad na Lydenburg ook in 'n swak toestand met padskouers wat verkrummel en slaggate. Daar is egter herstelspanne aan die werk.

Ek het gedink dat ons die ervaring met ons mede Kiepersoldele wil deel wat van plan is om die KNP te besoek. Ons besoek die Wildtuin sedert ons kinderdae op 'n gereelde basis en geniet dit terdeë, maar dit word nou lewensgevaarlik om daarheen te reis omrede die toegangspaaie/roetes ondermeer deur beboude gebiede gaan, waar die infrastruktuur nie aan veilige standaarde voldoen nie en 'n groot persentasie verbruikers met onpadwaardige voertuie reis.

'n Kussing vir Kersfees

Indien lede 'n Kersgeskenk vir die Filadelfia-mense wil gee, kan hulle 'n kussing in 'n sloop saambring na die Joos Beckerkamp.

Ander nuus: Helpende Hand het verlede jaar hande gevat met die Polsslag Voortrekkerkommando in Centurion en die Laerskool Louis Leipoldt. "Met die toenemende bewuswording van armoede en nood in ons gemeenskappe is dit van die uiterste belang dat daar reeds van jongs af 'n omgeekultuur by jongmense gekweek word," sê dr. Danie Langner, die uitvoerende direkteur van Helpende Hand. "Die projek was baie suksesvol in 2010 en het 'n positiewe gesindheid jeens gemeenskapsdiens en gemeenskapsbewustheid by die leerlinge help kweek."

Schalk gesels weer met ou bekendes

Die naweek by Weesgerus was rustig, met so hier en daar 'n dwarrelwind wat net wou seker maak dat 'n mens se grondseil darem konstant met droë blare bedek was. So tussen die werkery deur aan Piet se sleepvoertuig kon ons darem kans kry om met iemand te gesels wat ons al in 1980 ontmoet het, maar nog nooit werklik die geleentheid gehad het om mee te gesels nie. Ek moes spesiaal met hulle voor die tyd 'n afspraak maak vir die naweek, en nou ja, toe gesels ons 'n hond uit 'n bos uit! Ek kan nou nie hier met 'n vervolgv verhaal begin nie, en sal alles maar kortliks probeer opsom.

Maria Sophia Magdalena Wiid is gebore in Kuruman en was een van sewe kinders; ses dogters en 'n seun. Haar ma was van Franse afkoms, en haar pa het saam met haar oupa en die se broer van Duitsland gekom om hulle hier te kom vestig. Haar pa het op die paaië gewerk, en toe later op Sishen by 'n ystermy. Op Sishen is hulle laerskool toe, en later na 'n koshuis op Christiana tot matriek. Sy was 'n prefek in matriek en kan spog met twee medaljes wat sy vir swem gekry het. Sy het geen groot liefdes op skool gehad waarvoor sy nou juis huistoe kon skryf nie, en het, soos sy dit stel sonder om te blik of te bloos "maar so in die bondel gevry". Sy vertel van hulle ontgroening op skool, en hoe sy in standerd ses vir 'n boom moes sing, dit was seker haar eerste sangles op skool! Dit was nog in die goeie ou tyd want 'n paar jaar later het sy vir haar trourok R80 betaal en die troue self het 'n yslike R300 gekos! Na matriek het sy in 'n apteek op Sishen gewerk, en toe kom daar eendag 'n blesserige ou wat 'n werktuigkundige by Yskor Sishen was, wat kwansuis iets wou koop om sy bleswordery te stop. Wat sy vir hom gegee het, het definitief nie gewerk nie, want julle moet hom nou sien! Maar wag, ek loop die storie vooruit!

So tussendeur is hy intussen ook stil-


weg gebore in 'n hospitaal in Mayville, Pretoria, en is later na die Mayville Laerskool. Sy pa is toe verplaas na Klerksdorp. Later is sy pa weer verplaas na Johannesburg en vanuit Discovery is hy na die Florida Afrikaans Medium Laerskool, later Discovery Laerskool, en toe die Hoër Tegniese Skool Langlaagte. Op Hoërskool het hy sy eerste motor opgebou uit drie verskillende motors, die ratkas en wiele van 'n Renault Dauphine, die agterkant van 'n ander motor en die voorkant weer van 'n ander skrootwerf. Op skool was hy die eerste persoon wat 'n Victor Ludorum gekry het vir langafstande, maar in sy matriekeksamen was hy in 'n kop-aan-kop botsing met 'n dronk ou betrokke en is sy been so vergruis dat hulle gesê het dat hy nooit weer sou loop nie. Maar wonderwerke gebeur nog steeds, en na matriek het hy begin werk by die Nasionale Instituut vir Ver-dedigings Navorsing (NIVN) by die WNNR. As fyn elektro-meganikus het hy spoel gedraai vir die V3A lug-tot-lug missiele. Later was hy weer by 'n siviele ingenieursmaatskappy, en het geologiese opnames gedoen vir die N1 snelweg verby Warmbad, asook die N3 verby Estcourt.

Later is hy Weermag toe vir basiese opleiding, daarna het hy 'n officerskursus voltooi, toe 'n luitenant by opleiding van die Grensgroep geword, en nog later 'n majoor in die Burgermag. Sjoë, dis 'n mondvol! Daarna besluit hy om 'n meganiese ambag (passing met inbegrip van masjinerie) by Yskor in Sishen te doen. Een aand by 'n KJV byeenkoms sien hy toe die aanvallige meisie raak, en toe hy uitvind sy werk by die apteek, besluit hy daar en dan hy sal werk moet maak van sy middelpaadjie wat al hoe groter word. Wel, julle weet nou al dat haar doepa nie gewerk het nie, miskien het sy met opset die verkeerde goed gegee, want vyf maande later het hulle verloof ge-

raak, en nog drie maande later is hulle in Kuruman getroud in dieselfde kerk as haar ma. Hulle wittebrood het hulle by Die Oog deurgebring in 'n woonwa wat hy by sy pa geleen het, en wat hy gesleep het met sy motor wat ook as troukar diens gedoen het, 'n wit Chevrolet 4100! By Sishen het hy onder andere instandhouding gedoen op die 150 tot 200 ton vragmotors en spesialisopleiding ontvang op die V16 masjien. Hy was betrokke by die NIVN se trek na Irene as Kentron. In Mei 1990 is hy BMW toe en hulle was vanaf einde 1998 vir drie jaar in Duitsland, 'n tydjie waarvoor sy nie uitgepraat kan raak nie. Terug van Duitsland het hulle hul eerste plaas gekoop, later weer verkoop en na aftrede hul huidige plaas gekoop naby De Nyl Zyn Oog. As ek nou sê dat hy in sy lewe altesaam omtrent 30 motors omgebou het, dan weet julle seker ek praat nou van Fanie en Marie Marx! Toe hy die dag sy eerste TV koop, was dit omtrent net vir Marie, want hyself het nooit tyd gehad om daarna te kyk nie.

Hulle twee dogters, Madelein en Betsie, is in Sishen gebore en klein Fanie in Pretoria. Hulle het in November 1983 by die destydse Verwoerdburg aangesluit. Oom Gert Rall het hulle vir SAWA "gewerf" Fanie en Marie kort nog so vyf kampe om 300 te haal. Hulle was albei finaliste by die Nasionale Sleepkompetisie, hy het eenkeer tweede gekom, en daarna drie keer na mekaar gewen. Hy het op omtrent al die SAWA-besture gedien wat 'n mens kan, en het omtrent al die toekennings in SAWA ontvang wat 'n mens kan kry.

Hulle is gesinsmense en doen en deel alles met hulle kinders en skoonkinders, selfs motorwedrenne. Soos Elizabeth Stone sê: "Making the decision to have a child is momentous. It is to decide forever to have your heart go walking outside your body".



Seniors



So ry die trein, so ry die Gautrein

Frank Smith, senior burgerverteenwoordiger

Op 29 September het twaalf van ons seniors met die Gautrein vanaf Centurion na Rosebank gery. Ons het by die hoofingang van die stasie bymekaar gekom, waar daar aan diegene wat nog nie 'n gouekaart vir die trein gekoop het nie verduidelik is hoe die prosedure werk en hoe daar vir die parkering betaal word.

Gou was ons op die trein en is daar baie vinnig in 'n suidelike rigting beweeg. Die stilhou by Midrand, Marlboro en Sandton het so spoedig geskied dat ons dit skaars agtergekom het. Ongeveer twee-en-twintig minute na ons vertrek het ons by Rosebank aangekom.

Met die roltrap op na die straatvlak bevind ons onself by 'n groot winkelsentrum. Natuurlik moes daar heel eerste ontbyt geëet word, en in ons haas om die vreemde omgewing te verken, het ons skoon by die groot "S" verbygestap. Johann en Thys is vinnig na die Spur want die "goedkoop" ontbyt is net tot elfuur beskikbaar, en die rekenaar sluit die ontbytssessie af presies om elfuur. Die manne is betyds en bestel toe sommer na goeddunke 12 borde met ontbyt, 6 met harde en 6 met sagte eiers! Net jammer die twee manne wat dit vir ons bestel het wou dit nie sommer ook betaal nie.

Na 'n lekker lang uitgerekte kuier-ontbyt, is sommiges weer met die trein terug Centurion toe. Johann en Alet Lemmer het na die rolprentteaters gaan soek om na 'n fliek te gaan kyk, en die Bothas en die Smiths het die inkopiesentrum ingevaar waar die vrou oudergewoonte elke skoenwinkel se ingang deurgetrap het ter versteuring van hul mans se sielerus.

Die geur van heerlike koffie het ons na 'n koffiewinkel gelok waar die bestuurder ons in Afrikaans verwelkom het. Hy het ons meegedeel dat met die koms van die Gautrein Afrikaans al meer in Rosebank gehoor word.

Hierna is ons vinnig trein toe om voor die "spitsverkeer" terug te wees in Centurion.

(Baie dankie aan Frank en Hettie vir die reëlings - Red)

jongklomp



Tieners vra:

Kom die 'hell' regtig saam met die 'cell'?

En so is almal op Mxit! En die bitter min wat nog nie is nie, karring aan hulle ouers om dit te hê! *Shucks*, miskien IS jy op MXit sonder dat jou ma-hulle *even* weet? Punt bly, MXit is 'n *great* program, met ongelooflike voordele. Maar soos met die meeste dinge in die lewe, kom daar BITTER saam met die SOET, die SLEG saam met die GOED...die HELL saam met die CELL! Hou hierdie paar *pointers* in jou agterkop om die satan se strategie te uitoorlê!

Min tieners sal ooit *gutsy* genoeg wees om te erken dat MXit hulle *control*, dat hulle verslaaf is aan hulle fone, maar... Wees bietjie eerlik, wat doen jy heel eerste in die oggend? *Check* jy vir boodskappe nog voordat jy Jesus gegroet het en *thanks* gesê het vir nog 'n *great* dag? Is jou hele dag *miserable* as jy jou foon by die huis vergeet het? Sukkel jy om te hoor wat jou ma probeer sê as jou foontjie eers *gebeep* het, nét omdat jy *desperate* is om te weet wie jou soek? 'Ja' op eni-

ge van hierdie ou vragies, mag dalk 'n *clue* wees dat MXit jou lewe *run*!

Veronderstel jy jok oor hoe jy lyk, of wat jy alles al gedoen het (jou *experience*), gaan jy al hoe minder van die *girl* in die spieël hou, want...jok jy byvoorbeeld oor jou sproete, gaan elke mooi kolletjie op jou gesig deel word van satan se plan om jou te laat *disgusted* voel oor jou voorkoms! As jy jok oor wat jy weet en al gedoen het, plaas jy al meer *pressure* op jouself om *real experience* te kry! Wees getrou aan jouself - praat (sms) die waarheid...ter wille van jouself!

Ouens hou van spog en as jy gedink het jy kan *personal goodies* - of dit nou 'n sms of 'n foto is - vir 'n ou stuur, en hy gaan dit nie vir sy pelle wys nie - *think again*! Die foto, of die "thanks vir gisteraand"-sms, gaan *public knowledge* wees voor jy MXit kan sê! Hou persoonlike goed en sms'e vir jouself.

(Hierdie stukkie is geskryf deur Gretha Wiid, maar praat tieners regtig so?)

Gebied Jakaranda kamp lekker by Weesgerus



Die 3D-kaartjies word beoordeel



Jannie besig om kos te maak by die saamtrek



Johanna en Pieter van Biljon besig om brood te smeer. Hulle het teëspoed met hul voertuig gehad



Nasionale Penningmeester Fanie en Berta Jordaan in 'n rustige bui by die saamtrek



In afwagting dat die ereediens Sondag in die lapa moet begin



Hierdie vleisbraaiers neem hulle taak ernstig op! (Foto's: Frieda Burger)



Willem Nordejé, Nico Spaumer en Maria Nordejé deel 'n grappie



**Skakel om 'n afspraak te maak
072 949 6293**
(Maandae gesluit)

**Op die hoek van Chris Hougaard en
Springbokstraat, langs die
pandjieswinkel, Wierdapark**

**Kom loer gerus in as jy nog nie hier
was nie**

**Parkeer onder groot bome
Ondersteun ons eie mense**

ELWIERDA APTEEK

Elwierda@mweb.co.za
Noodnommer 082 460 0162

Kom maak kennis en kry:

- Flinke diens
- Billike Pluspryse
- 'n Goeie luisteroor
- Professionele advies
- Vriendskap vir 'n leeftyd
- Oop sewe dae per week
- Noodure tot agtuur saans
- Aflewering

Elwierda Apteek

Koedoestraat 184 Wierdapark

Telefoon 012 653 6153 012 653 6172
Faks: 012 653 6175

VERJAARSDAE



Dis vir Kampkrummels baie aangenaam om die mense wat in Oktober en November verjaar geluk te wens met hulle verjaarsdae

NOVEMBER

06 Rian Malan
12 Roléne Whelan
17 Wouter van Biljon
20 Lerisha Combrinck
21 Hannie Ferreira
21 Martin Ferreira
25 JJ Joubert

OKTOBER

02 Rigard Lemmer
03 Thys Lewis
05 Stef Maritz
06 Ernst van Biljon
08 RM Lombard
09 Mieke Michau
10 Johanna Fourie
11 Rina Venter
14 Annemarie Olivier
15 Sonja de Jongh
15 André Baker
16 Alida Venter
17 Johann Lemmer
20 Frieda Burger
20 Valerie Briedenhann
25 Madelein vd Berg
28 Neville Pretorius
28 Louis van den Berg



Lief en leed

Dewald en Helmien van Biljon se seun is in September getroud.

Hennie en Hannie Ferreira se seun Martin het werk gekry, hulle is baie dankbaar.

Helmien van Biljon se ma is baie siek met beroerte, sy was in die hospitaal.

Piet en Johanna van Biljon se sleepvoertuig het probleme gegee.

Marianna Nolte het rugprobleme, en algehele gesondheid is nie lekker nie.

Daar is weer probeer inbreek by Seef en Susan Delpoort se huis (week van die 19-23 September 2011)

Nog nuus vir senior burgers

Pensioentrekkers en eensaamheid

Een van die probleme wat pensioentrekkers en bejaardes in die algemeen moet aanspreek is eensaamheid en hoe om dit te oorbrug. Die hoofsaak is dat jy self iets daaraan moet doen. Indien dit moontlik is om nog rond te kan beweeg, en die finansies dit toelaat, is daar verskeie aktiwiteite waaraan daar deelgeneem kan word. Ek wil graag die volgende aktiwiteit uitlig.

Ons het by die vereniging *Friends of the Rail* aangesluit en is op hul poslys opgeneem. Die vereniging reël stoomtreintoere in Pretoria rond en na Cullinan.

Pak gerus 'n piekniekmandjie. Voorts restoureer hulle ook stoomlokomotiewe en houttreinwaens uit die jare vyftig en selfs vroeër. Tans word daar ondermeer 'n klas 15F en 'n 16C stoomlokomotief gerestoureer. Vir ons wat spoorwegkinders is en in spoorwegkampe grootgeword het hou veral die 15F en sy groter boetie die 23 klas 'n besondere nostalgie in. In 1952 was die 15F die vinnigste stoomlokomotief op 'n 3 voet 6 duim spoorwydte. Die 23 klas kon na bewering gemaklik 100 myl per uur op die spoorlyn tussen Kimberley en De Aar haal. In die goeie ou dae het ek by geleentheid self een van die treine met 'n motor gejaag en op tagtig myl per uur het die trein onder my uitbeweeg. Hoe lyk dit, kan een van ons gewese spoorwegamptenare hieroor iets skryf?

Persoonlik sien ek daarna uit om my lewe te verryk om by hierdie twee projekte betrokke te raak. Byeenkomste is gewoonlik die laaste Sondag van die maand by die ou Hermanstadse goederloods.

Die aktiwiteite van die vereniging is op die internet beskikbaar en ook dié van die sustersvereniging aan die Rand bekend as Reef Steamers. Hulle ry onder meer tussen Maraisburg en Magaliesburg. Bespreek gerus jou Sondagete by die Magaliesburg Hotel of pak 'n piekniekmandjie. Raak betrokke.

Frank en Hettie Smith Seniorverteenvoerders

Jannie Meyer is Sawa se nuwe ondervoorsitter

Die nuwe nasionale ondervoorsitter is Jannie Meyer van Elandsrand. Hy is by die onlangse kongres onbestrede in die amp verkies nadat veteraan Chris Delpoort hom nie weer vir die pos beskikbaar gestel het nie. Die ander dagbestuurslede is Jurie Dreyer (voorsitter), Willie Bronkhorst (sekretaris), Fanie Jordaan (penningmeester) en André Knoetze (skakelbeampte).

Kiepersollers tussen treine en die aardsusters



Die Gautreingers: MC, Marie, Magdanell, Thys, Alida, Fanie, Frank, Hettie, Alet, Celeste en Theunis



Hierdie spoorwegtekens dateer uit die jare toe ons nog baie trein gery het



TOE: 24 klas lokomotief

NOU: Gautrein

So ry die trein, so ry die trein



Bloutreinwapen



Garret-lokomotief het werk



Wie onthou dié treinmatjie?



Lugverkoelde Gautrein binne



Die aardsusters wat hierdie jaar by die Aardklop Kunstefees in Potchefstroom opgemerk is: Susan, Ina, Anita en Frieda



Ina het 'n probleem met 'n sleutel wat in die kas toegesluit is

Die organiseerder van die Aardklop-uitstappie



► Frieda Burger